

23 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 1:7-19; 4:1-13**

**Fokusgedeelte: Spreuke 1:8; 4:1**

**Leer om tussen goed en kwaad te onderskei volgens die HERE se wil en leef só,  
daarin lê die eer van kind wees**

Die vrees van die HERE, wysheid, is 'n kosbare besitting. Dit is 'n baie waardevolle erfdeel. Wie dit verkry, lewe! Die wyse kom vry van die slegte gevolge van verkeerde dinge, want hy hou hom nie daarmee besig nie. Sy eer is in die regte leefwyse wat hy navolg. Dit bring vir hom vrede en vreugde.

Hierdie erfdeel word deur vaders en moeders bewaar en van geslag na geslag oorgegee. Dit is verbondsoopvoeding. Wyse vaders tug hulle kinders en wyse moeders onderrig hulle in die kennis van die HERE.

Die tug van die vaders wys op die strengheid van die vader se opvoeding. Dit hou regstelling in. Die natuurlike aard met sy opstandigheid moet reggebuig word. Vaders moet met streng optrede die kinders reg leer. Kinders moet na die tug luister. Hulle moet daaraan aandag gee en so leer om in die vrees van die HERE te leef. Iets beter kan jou vader jou nie gee nie.

Die moeders dra die erfdeel deur onderwysing oor. Hulle leer die kinders die instruksies en voorskrifte van die HERE. Die kinders mag dit nie verwerp nie. Hulle moet daarop ag gee. Wat die moeder oordra, mag nie soos water van 'n eend se rug afloop nie.

Deur tug en onderwysing leer die kind om volgens die wil van die HERE te dink. Hy verkry onderskeidingsvermoë en dit sal hom op sy pad bewaak – kosbare besit!

Die Heilige Gees werk deur die Godvresende tugtiging en onderwysing van die vader en moeder in die uitverkore kinders. Hy gee hulle die genade van die waardevolste erfstuk wat daar kan wees. Hy laat hulle God vrees. Hiertoe is hulle met die bloed van Jesus Christus gekoop. Hulle is vry van die ydele lewenswandel van vroeër. Hulle is vir die lewe bestem. Glo u dit? Dra dan die erfdeel oor en gee daarop ag!

Sing: Psalm 34:6 (Totius)

Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)